# KINDERKERK LES: Inleiding – Jesus

**Doel van les:**

- Inleiding vir die nuwe kwartaal se tema.  Ons gaan die nuwe kwartaal Jesus leer ken.

**Ysbreker 1**:  Gee vir elke groep een van die action figures.  Kyk hoeveel van hulle superpowers die kinders in 5 minute kan uitdink.

Kry terugvoering. (5 min)

**Ysbreker 2: (10 min)**

- Maak 'n tekening van 'n "hero".  Dit kan 'n ouer, onderwyser, Captain America, The Hulk ens.  (opgemaak of regte person)

Kry terugvoering oor prentjies en die "superpowers". (5 min)

**Inleiding**:  Wys die Jesus sculpture.  My hero is by verre Jesus Christus.

- Het Jesus superpowers?

Nie net kan Hy mense genees, demone uitdryf, op water loop en storms stil maak nie, maar Hy het uit die dood opgestaan.  Hy het aan die kruis gesterf vir almal se sondes, siektes en hartseer al is Hy sonder sonde.  Ons gaan baie van Hom leer hierdie kwartaal en julle gaan sien dat Hy selfs nog sterker is as al die superheroes wat ons op die televisie na kyk.  Ons kan weet dat Hy nie opgemaak is soos hierdie superheroes nie, maar dat Hy regtig leef en baie lief is vir ons.  Hoop julle is reg!

**Indien daar tyd is, kan kinders prentjie teken van Jesus as hulle held.**

Sluit af met gebed.